# Internasionale sukses lei na plaaslike eiendomsleier



**Wat maak 'n ontwikkelaar suksesvol in die eiendomswêreld? Wat is die verskil tussen die landgoede wat floreer en die wat krepeer? Is dit die produk, die ligging, die bemarking of die argitektuur? Dit is natuurlik 'n kombinasie van al die bogenoemde, maar volgens trefferouteur Malcolm Gladwell in sy boek Outliers, kan sukses toegeskryf word aan een ding: ondervinding. Letterlik die hoeveelheid tyd wat jy spandeer om te doen wat jy doen.**

Dít is presies hoekom die sukses agter Lombardy Estate and Health Spa nie toeval is nie. Dit kom uit ondervinding. Van 'n ontwikkelaar wat sy vaardighede nie net op 'n suksesvolle landgoed in Suid-Afrika – Oubaai Gholflandgoed - toegepas het nie, maar ook op een van die grootste eiendomsontwikkelings in Afrika – Port Ghalib.

Port Ghalib is geleë op 'n kuslyn van 18 kilometer, beslaan 'n asemrowende 32 miljoen vierkante meter en word reeds beskryf as die Rooisee Riviera. Dit word bemark as 'n *Wêreld op sy Eie* en hierdie stad sluit in luukse strandfrontvillas, keurlandgoede, voortreflike marina-eenhede, hospitale, skole, spa's, waterparke asook bekroonde internasionale-hotelkettings. Verlede jaar is vier begeerde toekennings deur die Wêreldreistoekennings aan Port Ghalib toegeken uit sy bedryfsgelykes in 162 lande en uit meer as 5 000 organisasies.


Die marine alleen kan tot 1 000 seiljagte akkommodeer en beskik oor 'n hawemeester, doeane-en-immigrasiekantoor, asook ten volle toegeruste herstel- en brandstoffasiliteite. Die betreklik nuwe Marsa Alam Internasionale Lughawe is die eerste kommersiële lughawe (privaat besit en bestuur) in Egipte en verbind vlugte en meer as een miljoen passasiers elke jaar van Londen, Parys, Berlyn, Rome, Beiroet, Koeweit, Doebai en Jeddah. Dit is gebou direk in reaksie op die groeiende aantal Europese reisigers wat hierdie opwindende nuwe bestemming wou besoek en word ten volle besit en bestuur deur die ontwikkelaar van Port Ghalib.


Die ontwikkelaar van hierdie vooruitstrewende projek is die *Kharafi Group*, 'n Koeweit-gebaseerde beleggingsgroep (privaat besit) met 'n wêreldwye repertoire van projekte, bates en belange. Vandag is dit een van die mees wêreldgeïntegreerde multinasionale groepe van sy soort en bestuur ondernemings in meer as 18 lande.


In Suid-Afrika was hul eerste eiendomsonderneming in samewerking met Ernie Els – die ontwikkeling van die eerste Ernie Els-spesialiteitsgholfbaan in Suid-Afrika, asook die 316 akker-Oubaai Resort and Spa in die hartjie van die Tuinroete, wat op die Outeniekwa-bergreeks, die skouspelagtige Gwaingrivier en wyduitgestrekte valleie en die oseaan uitkyk. Die ontwikkeling bestaan uit 450 residensiële eenhede van 128 dorpseenhede, 322 enkel- residensiële eiendomme en 'n 100-slaapkamer-Hyatt Regency Hotel. Die ontwikkeling het al 14 internasionale toekennings verwerf en in 2007 het die landgoed 'n toekenning verwerf as die beste gholfoord in Suid-Afrika deur *International Property Awards* en die beste gholfoord in die Suid-Kaap deur *Professional Management Review* in 2008.

Toe die geleentheid ontstaan om 'n prima ligging van 100 hektaar naby Pretoria te ontwikkel, het die *Kharafi Group* presies geweet wat hulle wil hê. Deur ondervinding het hulle die mark geken. Hulle het geweet wat belangrik is en hulle het veral geweet wat sal werk. Hulle visie vir Lombardy Estate and Health Spa was so bewonderenswaardig soos die van hul kroonjuweel – Port Ghalib.

Die eerste ding waarna hulle gestreef het, was 'n kalm, plattelandse gevoel. Deur verskeie inheemse bome, struike, blomme en bosse te plant wat die 7 hektaar-gevestigde tuine en parke versier, asook die 15 hektaar-vleilande en -omgewingsdeurlope, kan allerhande soorte voëls en wild ook nou in die 1,5 hektaar mere en waterweë aangetref word.













Ondervinding het hulle ook geleer dat verskeidenheid verkoop, omdat almal se behoeftes verskil. Hulle het 'n verskeidenheid kwaliteitsprodukte bekendgestel. Met *Lake Lombardy*-boetiekhuise van tot 364 vk m, *Lombardy Fountains*-meenthuise van tot 285 vk m en die losstaande *Lombardy Stands* van tot 1 950 vk m, sluit die reeks iets in vir almal.

Toe het hulle daaraan gedink om die idee van klassieke argitektuur te herskep. Iets wat sou uitstaan bo die norm, maar wat nooit verouderd sou raak nie. Wat hulle gevind het, was 'n ikon. Die prêriestyl van meesterargitek Frank Lloyd Wright is hersien vir die moderne eeu. Die huise is kontemporêr, maar met breë stoepe en lae oorhangende dakke. Die reghoekige voorkoms en aanvoeling vermeng perfek met die omliggende landskap, met kamers wat op die uitgestrekte vistas van die buitelug oopmaak.

Voeg daarby 'n 5-ster-hotel-en-konferensiesentrum, 'n 1 000 vk m-gesondheidspa, bestuur deur *Spas of Distinction* (met 13 behandelingskamers, 'n Amethyst Rasul-kamer, luukse privaatsuite, restaurant en ontspanningsareas), asook 'n ultramoderne sekuriteitstelsel (insluitende "CCTV"-kameras, verborge indringergrenslyn-verklikkerstelsel asook peuterbestande rekbare maasheining wat in verskeie privaatlandgoede en deur die staat gebruik word om aanwinste soos die 2010-Sokkerwêreldbeker-stadions, Gautrain-stasies en poorte te beskerm), en dit is maklik om te sien hoekom Lombardy Estate and Health Spa daarna streef om een van die toplandgoede in Gauteng te word.


Dit is deur ondervinding dat die regte kombinasie van kenmerke, kwaliteit, waarde vir geld, sekuriteit en produk gevind is. Dit is 'n kombinasie wat in die toekoms onoortreflik sal word.

**Indien jy meer inligting verlang, skakel gerus vir Donovan Lallyett by 082 940 9265, Otto Pagel by 082 774 3755, Christo Steyn by 082 453 4304 of e-pos info@lombardyestate.co.za.**


**www.lombardyestate.co.za**
**Meenthuise vanaf R975 000**
**Boetiekhuise vanaf R2 850 000**
**Erwe vanaf R900 000**


## PLATTELANDSE LEEFSTYL
## IN DIE STAD

**LANDGOED NOU OP SKOU**










Ontsnap elke dag na 'n plattelandse wegbreekplek. 'n Private landgoed in die stad, waar jy na aan die natuur kan lewe – met styl, spasie en in rus en vrede; waar plattelandse eenvoud hand aan hand loop met al die stad se voordele. Kom huis toe na *Lake Lombardy*-boetiekhuise, *Lombardy Fountains*-meenthuise of jou eie woonhuis in *Lombardy Eiendomme*. *Kom huis toe na die platteland.*









○ Geleë aan die buitewyke van Pretoria ○ Ontwerp deur bekroonde plaaslike argitekte Stefan Antoni Olmesdahl Truen, en QTS Argitekte ○ Sterk vertikale en horisontale lyne wat groot oop ruimtes insluit ○ Gehalte-toebehore en -afrondings ○ Groot versameling voël- en dierelewe by jou stoep ○ Naby aan winkelsentrums en skole ○ Ultramoderne sekuriteitstelsel

**Lombardy Fountains** – Een-, twee- en drie-slaapkamervoltitelmeenthuise wat wissel in grootte, van 154 $m^2$ tot 285 $m^2$
**Lake Lombardy** – Twee- en drieslaap-kamervoltitelboetiekhuise wat wissel in grootte, van 280 $m^2$ tot 364 $m^2$
**Lombardy Stands** – Losstaande eiendomme wat wissel in grootte, van 734 $m^2$ tot 1 950 $m^2$

LOMBARDY
ESTATE & HEALTH SPA
www.lombardyestate.co.za

**Meenthuise vanaf R975 000** | **Boetiekhuise vanaf R2 850 000**
**Erwe vanaf R900 000** (Pryse korrek met ter perse gaan)

**Indien jy meer inligting verlang, skakel gerus vir Donovan Lallyett by 082 940 9265, Otto Pagel by 082 774 3755, Christo Steyn by 082 453 4304 of e-pos info@lombardyestate.co.za.**

WWW.SBRMIRUS.COM_LB0037_A